SimpleStudy®

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2019

## GRAAD 11

| EKONOMIE<br>VRAESTEL 1 |
|---|

**13 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Vraestel 1)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 150**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae in die ANTWOORDBOEK, soos volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND.
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die DRIE vrae.
   AFDELING C: Beantwoord enige EEN van die TWEE vrae.

2. Beantwoord SLEGS die aantal vrae benodig. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE. In AFDELING B sal slegs die eerste TWEE vrae gemerk word en in AFDELING C slegs die eerste EEN.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord.

5. Lees AL die vrae noukerig deur.

6. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

7. Laat 2 – 3 lyne oop tussen onderafdelings van die vrae.

8. Beantwoord die vrae in vol sinne en verseker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die vereistes van die vrae.

9. Gebruik slegs swart of blou ink.

10. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

Verskeie opsies word voorsien as moontlike antwoorde vir die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.8) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Watter sektor dra die meeste by tot Suid-Afrika se BBP?

A Primêre
B Sekondêre
C Buitelandse Sektor
D Tersiêre

1.1.2 Besoedeling word veroorsaak wanneer elektrisiteit gegenereer word vanaf …

A steenkool.
B uranium.
C water.
D wind.

1.1.3 Een van die voordele van ŉ sentraal beplande ekonomie is, …

A keuse.
B innovering.
C risiko.
D volle indiensneming.

1.1.4 Vaste kapitaal ___________

A is die voorraad van al die goedere wat geldwaarde het.
B verander vorm tydens die produksieproses.
C is ŉ metode waarmee ons goedere en dienste kan ruil.
D is ŉ voorbeeld van ŉ nie-duursame produk.

1.1.5 Die Suid-Afrikaanse arbeidsmag word gekenmerk deur _______ arbeid .

A geskoolde
B ongeskoolde
C half-geskoolde
D hoogsgeskoolde

1.1.6 Marginale groepe word uitgesluit van die …

A samelewing.
B politiek.
C ekonomie.
D beskerming.

1.1.7 Dubbeltelling is ŉ probleem wat voorkom wanneer die … -metode van BBP gebruik word.

A produksie
B bestedings
C inkomste
D verbruiks

1.1.8 In Suid-Afrika se nasionale rekeninge word daar na finale verbruikersbesteding verwys as besteding deur …

A toeriste.
B huishoudings.
C besighede.
D buitelanders. (8×2) (16)

## 1.2 PASITEMS

Kies ŉ **beskrywing** uit KOLOM B wat pas by die **konsep** in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – J) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.8) in die ANTWOORDBOEK.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Kapitaalverbreding | A Het ŉ verwagte lewensduur van meer as een jaar |
| 1.2.2 Vaardigheidsont-wikkelingswet | B Uitbetalings in die vorm van staatspensioene en ongeskiktheidstoelae |
| 1.2.3 Duursame goedere | C Hulpbronne wat toegeken word deur die regering |
| 1.2.4 Oordragsbetalings | D Nywerhede in die primêre sektor |
| 1.2.5 Ekonomiese stelsels | E Stel entrepreneurs in staat om in afgeleë en landelike gebiede klein besighede te begin |
| 1.2.6 Sentrale beplande ekonomie | F Vermeeder teen dieselfde tempo as die tempotoename in die arbeidsmag |
| 1.2.7 Uittrekkingsnywerhede | G Metodes wat lande gebruik om hulpbronne toe te ken |
| 1.2.8 Verkryging | H Het ŉ verwagte lewensduur van ŉ paar maande |
| | I Mense teen wie gediskrimineer word |
| | J Die stappe wat gebruik word tydens die aankope van goedere en dienste |
| | K Die doelwit is om die kwaliteit van werkers se werkslewe te verbeter |

(8)

1.3 **KONSEPTE**

Gee EEN term vir elk van die onderstaande beskrywings. Skryf slegs die **term** langs die **vraagnommer** (1.3.1 – 1.3.6) in die ANTWOORDBOEK. (GEEN AFKORTINGS, AKRONIEME OF VOORBEELDE SAL AANVAAR WORD NIE)

1.3.1 Skaars hulpbronne wat mense bereid is om voor te betaal.

1.3.2 ŉ Manier om ŉ kwalifikasie te kry wat bestaan uit ŉ leerkomponent asook werksplekondervinding.

1.3.3 Besighede onder regeringsbesit.

1.3.4 Totale waarde van alle finale goedere en dienste wat geproduseer word tydens ŉ sekere tydperk binne die grense van ŉ land.

1.3.5 Die rekord van die vloei van geld met betrekking tot invoere en uitvoere van goedere en dienste.

1.3.6 ŉ Ekonomiese sisteem wat die voordele van ŉ sentraal beplande stelsel en ŉ vrye mark ekonomie kombineer.

(6 ×1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae van die afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE eienskappe van natuurlike hulpbronne. (2×1) (2)

2.1.2 Hoekom is gemeenskapsdeelname belangrik? (1×2) (2)

2.2 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| REGERINGSBESTEDING-FUNKSIE KLASSIFIKASIE SUID-AFRIKAANSE BEGROTING 2018/2019 | |
|---|---|
| R biljoen | 2018/2019 |
| Onderwys en Kultuur | R351.1bn |
| Gesondheid | (2.2.5) |
| Distriksgesondheidsdienste | R90.2bn |
| Sentrale gesondheidsdienste | R38.6bn |
| Provinsiale gesondheidsdienste | R34.3bn |
| Ander gesondheid | R33.8bn |
| Fasiliteitsbestuur en onderhoud | R8.5bn |
| Veiligheid en Sekuriteit | R200.1bn |
| Skuld dienskoste | R180.1bn |

[Bron: www.treasury.gov.za 02/2018]

2.2.1 Noem die regeringsbestedingsklassifikasie wat in die tabel gebruik word. (1)

2.2.2 Dui aan op watter diens die regering die meeste bestee. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die konsep *finale vebruiksbesteding* deur die regering. (2)

2.2.4 Hoekom spandeer die regering meer geld op onderwys? (2)

2.2.5 Bereken die totale gesondheidsbesteding in die tabel. Wys alle berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Waterkrisis: Kaapstad**

**Droogte sal ŉ groot invloed op SA se ekonomie hê**

Kaapstad het tot op die laaste baklei om dag nul (*day zero*) terug te stoot na 2019 toe. ŉ Groot deel van die geveg was daarop gemik om die nasionale regering se aandag te trek om te verseker dat die krisis deur die hoogste gesag hanteer word.

Nie net sal die droogte ŉ groot knou aan Kaapstad se plaaslike finansies gee nie, maar daar word geglo dat Suid-Afrika se ekonomie ook daaronder sal ly.

Moody's, die kredietagentskap wat oor SA se finansiële status besluit, beraam dat dit 12 biljoen rand ($ 1 biljoen) sal kos om "volhoubare" infrastruktuur en sanitasie-ontwikkelings oor die volgende vyf jaar te bou.

*Fin24* rapporteer dat die Wes Kaapse ekonomie 13% van SA se BBP opmaak. So, indien die provinsie 2% se produksie verloor, sal dit lei tot ŉ afname in SA se produksie met 0.26%.

**[Bron: *Engineering news* February 2018]**

2.3.1 Identifiseer EEN moontlike rede vir waterbeperkings in die Wes-Kaap. (1)

2.3.2 Wat is Dag Nul (*Day Zero*)? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die konsep *Bruto Nasionale Inkome (BNI).* (2)

2.3.4 Hoekom word Suid-Afrika se ekonomie ook bedreig? (2)

2.3.5 Watter rol kan die regering speel in die voorkoming van watertekorte in die toekoms? (2x2) (4)

2.4 Bespreek die entrepreneur se rol as ŉ werkskepper en hul bydrae om kompetisie te verseker. (4×2) (8)

2.5 Hoe suksesvol is die regering om geleenthede te skep vir voorheen benadeelde individue deur bemagtiging? (2×4) (8)
**[40]**

**VRAAG 3** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE primêre sektor handelinge. (2×1) (2)

3.1.2 Hoe effektief bemark plaaslike regering die rol van gemeenskaps-deelname? (1×2) (2)

3.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> SENTRALE BEPLANDE EKONOMIESE STELSEL
>
> Indien daar geen winkel in 'n landelike gebied is nie, sal die regering een van die landsburgers aansê om 'n "spaza"-winkel in die area te begin. Deur dit te doen, besluit die regering wat, hoe en wanneer om te produseer sodat die samelewing opgehef kan word.
>
> [Bron: *Economics Fast track*]

3.2.1 Na watter tipe ekonomiese stelsel verwys die uittreksel? (1)

3.2.2 Wie is verantwoordelik vir die toewysing van hulpbronne, volgens die uittreksel? (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die konsep *ekonomiese stelsel*. (2)

3.2.4 Verduidelik hoe dienslewering in Suid-Afrika verbeter kan word. (2)

3.2.5 Hoekom word Suid-Afrika geklassifiseer as 'n gemengde ekonomiese stelsel? (2x2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

## PETROLPRYS-TOENAME



Motoriste sal meer betaal vir 'n liter petrol by die pompe vanaf Woensdag (06 Maart 2019), te wyte aan 'n toename in die internasionale prys van petroleum asook 'n swakker plaaslike geldeenheid (Rand).

Gebaseer op die huidige plaaslike en internasionale faktore, sal petrolpryse vir Maart 2019 soos volg aangepas word:

- Petrol (93 Oktaan): 74 sent-toename
- Petrol (95 Oktaan): 74 sent-toename
- Hierdie prystoenames skop in saam met die tolfooie wat regoor die land toeneem op Vrydag (1 Maart 2019) asook die addisionele toenames in die Algehele Petrol en Padongelukkefonds tarief wat effek neem in April.

[Bron: *Business Tech* 04 March 2019]

3.3.1 Watter regeringsdepartement is verantwoordelik vir die bepaling van petrolpryse? (1)

3.3.2 Identifiseer die grootste oorsaak van die petrolprystoenames in Suid-Afrika. (1)

3.3.3 Verduidelik kortliks die impak van die petrolprystoenames op die gemiddelde Suid-Afrikaanse burger. (2)

3.3.4 Hoekom het vervoerkoste 'n invloed op die pryse van goedere en dienste? (2)

3.3.5 Wat kan die regering doen om die lewe van lae-inkomste huishoudings te verbeter tydens hierdie moeilike tye? (2x2) (4)

3.4 Onderskei tussen *duursame* goedere en *nie-duursame* goedere. (4x2) (8)

3.5 Evalueer die sukses van Suid-Afrika se kommunikasie-infrastruktuur. (4x2) (8)

**[40]**

**VRAAG 4** **40 PUNTE – 30 MINUTE**


4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE kategorieë van kapitaal. (2)

4.1.2 Hoe sal ʼn toename in investeringsbesteding die ekonomie beïnvloed? (2)

4.2 Bestudeer die volgende sirkeldiagramme wat verband hou met Suid-Afrika se goudproduksie en beantwoord die vrae wat volg:

**GOUDPRODUKSIE**




**[bron:http://goldsheetlinks.com]**

4.2.1 Na watter sektor verwys die sirkeldiagramme? (1)

4.2.2 Watter land was die grootste goudprodusent in die wêreld tydens die 1970's? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die konsep *sekondêre sektor*. (2)

4.2.4 Wat het met SA se goudproduksie gebeur vanaf 1970 tot en met 2009? Staaf jou antwoord met berekeninge. (2)

4.2.5 Analiseer die ekonomiese impak van die tendens op die Suid-Afrikaanse ekonomie sedert 2009. (2×2) (4)

4.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

| NASIONALE INKOMSTETABELLE VAN SUID-AFRIKA | | |
|---|---|---|
| | R miljoene | |
| | 2016 | 2017 |
| Vergoeding van werknemers | 1 451 | 1 576 |
| Netto bedryfsurplus | 922 | 961 |
| Verbruik van vaste kapitaal | 406 | 443 |
| Bruto waarde toegevoeg teen faktorkoste | **2 779** | **2 980** |
| Ander belasting op produksie | 56 | 64 |
| MINUS: Subsidies op produksie | 15 | 14 |
| …(A)… | **2 820** | **3 030** |
| Belasting op produkte | 338 | 374 |
| MINUS: Subsidies op produkte | 20 | 19 |
| Bruto Binnelandse Produk teen markpryse | **3 138** | **3 385** |

[Aangepas uit SARB Quarterly Bulletin, September 2018]

4.3.1 Watter metode van berekening is in die tabel gebruik om die Bruto Binnelandse Produk (BBP) te bepaal? (1)

4.3.2 Gee die naam vir die ontbrekende item **A**. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die konsep *Netto bedryfsurplus*. (2)

4.3.4 Verduidelik kortliks die belangrikheid van die nasionale rekeninge. (2)

4.3.5 Bereken die vergoeding van werknemers as ŉ persentasie van die BBP teen markpryse in 2017. Wys ALLE berekeninge. Rond af na TWEE desimale plekke. (4)

4.4 Bespreek die eienskappe van arbeid as ŉ produksiefaktor. (4×2) (8)

4.5 Hoe effektief is die voorsiening van sosiale dienste in Suid-Afrika? (4×2) (8)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord EEN van die twee vrae in die ANTWOORDBOEK.

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL | PUNTE TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding**<br>Die inleiding is ŉ lae-orde antwoord.<br>➢ ŉ Goeie beginpunt sal wees om die hoofkonsep wat verband hou met die onderwerp, te definieer.<br>➢ Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>➢ Moenie enige deel van die inleiding in die lyf herhaal nie.<br>➢ Vermy om in die inleiding te verduidelik wat jy in die liggaam gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Liggaam**<br>**Hoofdeel**: Bespreek ten volle / Stel ondersoek in / Bespreek krities / Analiseer / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Asseseer / Debateer<br><br>**Addisionele Deel**: Gee eie opinie / Bespreek krities / Evalueer / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debateer kortliks / Hoe / Stel voor / Gebruik die inligting en argumenteer, debateer, evalueer | Maks. 26<br><br><br><br><br><br>Maks. 10 |
| **Slot**<br>Enige toepaslike hoër-orde slot wat die volgende moet insluit:<br>➢ ŉ Opsomming van wat bespreek was / geanaliseer sonder om feite te herhaal wat reeds in die liggaam voorkom<br>➢ ŉ Opinie- of waarde-oordeel oor die feite wat bespreek is.<br>➢ Ekstra ondersteunende inligting wat die bespreking / analise versterk<br>➢ ŉ Teenoorgestelde siening met motivering, indien nodig<br>➢ Aanbevelings | Maks. 2 |
| **TOTAAL** | **40** |

**VRAAG 5** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die tersiêre sektor. (26)
- Evalueer die groei in die samestelling van die tersiêre sektor. (10)

**VRAAG 6** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die ekonomiese eienskappe, voordele en nadele van ʼn markekonomie. (26)
- Evalueer die doeltreffendheid van die staat om die nadele van die marksisteem aan te spreek. (10)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**